Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2014

# DRAMATIESE KUNSTE

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **3 uur**

*IDRAMEA*

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord SLEGS die vrae oor die toneelstukke wat jy bestudeer het.

2. Jy het 15 minute leestyd voor die eksamen begin.

3. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings:

   AFDELING A: 30 punte
   AFDELING B: 40 punte
   AFDELING C: 40 punte
   AFDELING D: 20 punte
   AFDELING E: 20 punte

4. AFDELING A is VERPLIGTEND.
   VRAAG 1: Teater van Realisme

5. AFDELING B is VERPLIGTEND.
   VRAAG 2: Suid-Afrikaanse Teater

6. AFDELING C: Kontemporêre Pan-Afrika Teater
   Elizabethaanse Teater OF
   Teater van die Verre-Ooste OF
   Kontemporêre Amerikaanse Teater OF
   Ekspressionistiese Teater

   VRAAG 3: Kontemporêre Pan-Afrika Teater (KEUSEVRAAG)
   **OF**
   VRAAG 4: Elizabethaanse Teater (KEUSEVRAAG)
   VRAAG 5: Teater van die Verre-Ooste (KEUSEVRAAG)
   VRAAG 6: Kontemporêre Amerikaanse Teater (KEUSEVRAAG)
   VRAAG 7: Ekspressionistiese Teater (KEUSEVRAAG)

7. AFDELING D is VERPLIGTEND.
   VRAAG 8: Teatergeskiedenis

8. AFDELING E: Praktiese werk en refleksie
   Antwoord SLEGS EEN van die volgende vrae:
   VRAAG 9: Stemwerk OF
   VRAAG 10: Lewendige opvoering OF
   VRAAG 11: Rol van die Regisseur OF
   VRAAG 12: Rol van die ontwerper

9. Nommer jou antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

10. Let op die aantal punte wat aan elke vraag toegeken is om die lengte van jou antwoord te bepaal.

11. Gebruik jou kennis van die vak, asook jou eie onafhanklike en kreatiewe idees, om die vrae te antwoord.

12. Skryf netjies en leesbaar.

13. Trek ŉ lyn na elke vraag.

## AFDELING A: TEATER VAN REALISME

Hierdie afdeling is VERPLIGTEND.

### VRAAG 1

Beantwoord die vraag oor die Teater van Realisme teks wat jy bestudeer het.

Let wel dat jou keuse van teks by hierdie vraag mag nie weer gebruik word in die vrae wat volg nie. Byvoorbeeld, as jy kies om die vraag (VRAAG 1) oor 'n Suid-Afrikaanse toneelstuk te beantwoord, mag jy nie VRAAG 2 oor dieselfde toneelstuk beantwoord nie. Beantwoord elke vraag oor 'n **ander toneelteks** wat jy die jaar bestudeer het.

"Drama moes direkte waarneming van menslike gedrag in ag neem; as gevolg daarvan het dit druk uitgeoefen om kontemporêre toneelplasings (settings) en periodes te gebruik, en dit moes alledaagse lewe en probleme aanspreek."

[Goldfarb/Wilson, Hoofstuk 14.]

Oorweeg die aanhaling hierbo en beantwoord die volgende vraag:

Dink oor die temas van die Teater van Realisme-toneelstuk wat jy die jaar bestudeer het. Hoe het die politiek en samelewing van die tyd die temas van die toneelstuk beïnvloed?

Oorweeg die volgende in jou respons: die sosio-politieke konteks en die verskillende temas in die toneel. Verwys na spesifieke gebeure in die toneel om jou antwoord te ondersteun.

Jou opstel moet ongeveer 3 tot 4 bladsye lank wees.

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: SUID-AFRIKAANSE TEATER

Hierdie afdeling is VERPLIGTEND.

### VRAAG 2

**LET WEL:** Kies 'n ander toneelteks vir elke vraag wat jy beantwoord.

2.1 Wat word met die volgende begrippe bedoel:

2.1.1 Om te "*werkswinkel*" (2)

2.1.2 *Alternatiewe teater* (2)

2.2 Bespreek DRIE doelstellings van Gemeenskapsteater. (6)

2.3 Noem EEN tradisionele landelike uitvoeringsruimte en verduidelik die soort uitvoering wat daar plaasvind. (5)

2.4 Noem die titel en dramaturg van die *Suid-Afrika Teater*-toneelstuk wat jy hierdie jaar bestudeer het. (2)

2.5 Verduidelik die toneelplasing (setting) van die toneelstuk wat jy in VRAAG 2.4 genoem het. (5)

2.6 Hoe het die politieke stelsel van die era die karakters se verhoudings in die toneelstuk wat jy bestudeer het beïnvloed? Bespreek net EEN verhouding uit die toneelstuk. (8)

2.7 By watter genre behoort die toneelstuk wat jy bestudeer het? Verduidelik deur middel van verwysings na spesifieke gebeure in die toneelstuk om jou antwoord te motiveer. (10)

**TOTAAL AFDELING B: 40**

**AFDELING C:** Kontemporêre Pan-Afrika Teater **OF**
Elizabethaanse Teater **OF**
Teater van die Verre-Ooste **OF**
Kontemporêre Amerikaanse Teater **OF**
Ekspressionistiese Teater

Antwoord slegs die vrae wat op die toneelstuk gebaseer is wat jy bestudeer het.

## VRAAG 3: KONTEMPORÊRE PAN-AFRIKA TEATER

Beantwoord die vraag as jy ŉ *Konteporêre Pan-Afrika teater toneelstuk* bestudeer het.

3.1 Wat is *griot*? (2)

3.2 Gee die funksionele verskille tussen teater en ritueel. (4)

3.3 Bespreek die gehoor-speler verhouding by die uitvoerende kunste-tradisies in Afrika. Gee ŉ voorbeeld van elke tipe verhouding. (10)

3.4 Noem die naam en dramaturg van die *Kontemporêre Afrikaanse Teater*-toneelstuk wat jy die jaar bestudeer het. (2)

3.5 Is die toneelstuk ŉ ritueel of teater? Motiveer jou antwoord deur gebruik te maak van jou kennis van Afrika Drama en deur voorbeelde uit die toneelstuk te gebruik. (10)

3.6 Hoe spreek die toneelstuk probleme in die gemeenskap aan? Verwys na die hooftemas in die toneelstuk wat jy bestudeer het. (10)

3.7 Gee ŉ kort beskrywing/verklaring van die term '*satire*'. (2)
**[40]**

**OF**

## VRAAG 4: ELIZABETHAANSE TEATER

Beantwoord die vraag as jy ŉ *Elizabethaanse Teater*-toneelstuk bestudeer het.

4.1 Bespreek kortliks 'chain of being' (sosiale hiërargiese struktuur). (5)

4.2

> "… in die Elizabethaanse tyd het drama in sekere genres geval …"
>
> [2012. Dramatic Arts, *Grade 11 Learner's Book.* Via Afrika, Cape Town]

Noem en gee ten minste EEN eienskap van elke genre. (9)

4.3 Noem die naam en dramaturg van die *Elizabethaanse Teater*-toneelstuk wat jy hierdie jaar bestudeer het. (2)

4.4 Wat is die genre van die toneelstuk wat jy bestudeer het? Verwys na die gebeure in die toneelstuk om jou antwoord te motiveer. (10)

4.5 Watter soort verhoog sou jy gebruik as jy die kans gegee word om die regie van die *Elizabethaanse* toneelstuk wat jy bestudeer het te doen? Identifiseer EEN deel van die toneelstuk en gebruik dit om jou keuse te verduidelik. (6)

4.6 Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vraag wat daarop volg:

> "Die Elizabethane het die Middeleeuse geloof aangeneem dat die liggaam uit vier '*Humors*' of vloeistowwe wat verskaf word deur die gebruik van sekere soorte kosse, bestaan."
>
> [2012, Dramatic Arts, *Grade 11 Learner's Book.* Via Afrika, Cape Town]

Noem EEN van die vier soorte "humors". Verbind die "humor" met ŉ spesifieke karakter uit die toneelstuk. Motiveer jou keuse in ŉ bespreking van spesifieke gebeure in die toneelstuk waarby die karakter betrokke is. (8)

**[40]**

**OF**

## VRAAG 5: TEATER VAN DIE VERRE-OOSTE

Beantwoord die vraag as jy ŉ *Teater in the Verre-Ooste*-toneelstuk bestudeer het.

5.1 Is die volgende stelling oor teater in die Verre-Ooste WAAR of ONWAAR?

*'Die visuele prag en fisieke dissipline van Oosterse Teater is onmiskenbaar ŉ baar en het oor ŉ duisend jaar ontwikkel.'* (1)

5.2 Wat was die twee sterkste gelowe (godsdienste) wat die *Noh Teater* van Japan beïnvloed het? (2)

5.3 Bespreek DRIE verskille tussen die twee gelowe wat jy in VRAAG 5.2 genoem het. (6)

5.4 Kan ŉ akteur gebruik maak van die Stanislavski-sisteem by die voorbereiding vir ŉ *Noh Teater*-opvoering? Verduidelik jou antwoord. (10)

5.5 Wat is die naam en wie is die dramaturg van die *Teater van die Verre-Ooste*-toneelstuk wat jy hierdie jaar bestudeer het? (2)

5.6 Lewer kommentaar op die struktuur van die *Verre-Ooste*-toneelstuk wat jy hierdie jaar bestudeer het. Is dit verteenwoordigend van teater in die Verre Ooste? Verwys na die toneelstuk om jou antwoord te ondersteun. (15)

5.7 Wat word met die volgende terme bedoel:

5.7.1 *Omnagata* (2)

5.7.2 *Mie* (2)

**[40]**

**OF**

## VRAAG 6: KONTEMPORÊRE AMERIKAANSE TEATER

Beantwoord hierdie vraag as jy ŉ *Kontemporêre Amerikaanse Teater*-toneelstuk bestudeer het.

6.1 Verduidelik die elemente van ŉ Amerikaanse musiekblyspel: *Hoof aria* en *finale.* (6)

6.2 Oorweeg die volgende stelling en beantwoord die vraag wat volg.

> "In terme van toneelspel, die benadering wat gebruik word vir Teatrale Realisme is aangeleer by die *Akteurs se Studio* (*Actors Studio*). Lee Strasberg het ŉ revolusie in die kuns van toneelspel ontketen deur die ontwikkeling van tegnieke van *"Method Acting*" en het verskeie generasies van suksesvolle akteurs en regisseurs opgelei."
>
> [*The Strasbergian,* Mei 2012]

Bespreek kortliks die Amerikaanse-metode van *Method Acting* wat deur Lee Strasberg ontwikkel is. (5)

6.3 Hoe sou jy die metode gebruik by die voorbereiding vir jou finale praktiese aanbieding? (5)

6.4 Skryf die naam en dramaturg van die *Amerikaanse Teater*-toneelstuk wat jy die jaar bestudeer het, neer. (2)

6.5 Kies EEN karakter uit die toneelstuk wat jy bestudeer het en verduidelik hoe die uitdagings wat deur hom of haar beleef is, deur die gemeenskap beïnvloed is. (10)

6.6 Lewer kommentaar oor die gebruik van Teatrale Realisme *(Theatrical Realism)* in die toneelstuk wat jy studeer het. Gee aandag aan karakterverhoudings en maak gebruik van die toneelstuk as jou verwysing. (10)

6.7 Wat word bedoel met *'fragmentariese toneelplasing (setting)'?* (2)
**[40]**

**OF**

## VRAAG 7: EKSPRESSIONISTIESE TEATER

Beantwoord die vraag as jy ŉ *Ekspressionistiese Teater*-teks bestudeer het.

7.1 Wat word met die term '*onderbewuste*' bedoel? (2)

7.2 Noem ŉ sielkundige wat ŉ invloed op Ekspressionisme gehad het. (1)

7.3 Hoe het die sielkundige, genoem in VRAAG 7.2, Ekspressionisme beïnvloed? Noem ten minste TWEE invloede. (4)

7.4 In ŉ kort paragraaf, bespreek die kenmerke van *Ekspressionisme.* (6)

7.5 Wat is die verskille tussen Ekspressionistiese en Realistiese Teater? (6)

7.6 Verduidelik die gebruik van dialoog in Ekspressionistiese Teater. (5)

7.7 Noem die naam van die dramaturg asook die titel van die *Ekspressionistiese Teater*-toneelstuk wat jy die jaar bestudeer het. (2)

7.8

> "In drama, verwys Ekspressionisme na die beweging wat aanvanklik in Duitsland ontstaan het in die tydperk rondom die Eerste Wêreldoorlog. Dit het gevoelens van ontevredenheid met gesag en materialisme, soos dit in die oorlog aangewend is, aangespreek."
>
> [2012, Dramatic Arts, *Grade 11 Learner's Book,* Via Afrika]

Gebruik die toneelstuk wat jy bestudeer het om die geldigheid van bogenoemde aanhaling te bewys. Verwys na die temas en intrige/storielyn in die toneelstuk. (14)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

## AFDELING D: TEATERGESKIEDENIS

Hierdie afdeling is VERPLIGTEND.

### VRAAG 8

8.1 Noem enige TWEE opleiers van akteurs, wat jy hierdie jaar bestudeer het en EEN bydrae wat elk tot die toneelspel gemaak het. (4)

8.2 Verduidelik die belangrikheid van kennis oor die sosio-politieke konteks wanneer jy ŉ toneelstuk in Dramatiese Kunste bestudeer. (5)

8.3 Is komedie in teater ŉ effektiewe genre om sosio-politieke kwessies aan te spreek? Verduidelik jou antwoord. (2)

8.4 Bespreek TWEE ooreenkomste tussen Suid-Afrikaanse en Amerikaanse politieke geskiedenis in terme van teater. (4)

8.5 Verwys na jou eie praktiese optrede varing om die volgende vraag te beantwoord:

Verkies jy die Stanislavski-sisteem of Jerzy Grotowski se akteursopleiding vir karaktervoorbereiding? Verduidelik jou antwoord. (5)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING D: 20**

## AFDELING E: PRAKTIESE WERK EN REFLEKSIE

**Beantwoord SLEGS EEN van die vrae in die afdeling.**

VRAAG 9: Stemwerk **OF** VRAAG 10: Lewendige opvoering **OF** VRAAG 11: Rol van die regisseur **OF** VRAAG 12: Rol van die ontwerper

### VRAAG 9: STEMWERK (KEUSEVRAAG)

Lees die gedig *L'atitude* deur Lebo Mashile en beantwoord die vrae wat volg.

Wat is l'atitude

Gee my 'n stel nuwe oë
help my om te sien
sien die nuwe gemoed wat in die vryheid is
L'atitude verfyn die spasie tussen
die mens wie ek is
en wie ek graag wil wees

As ek gebore is om 'n nuuskierige reisiger te wees
Wys my mense passie pols met trots
en laat my reis oor
Die spasies wat ons skei
Die spasies wat ons inperk
Die spasies wat definisie gee aan liefde
Roep en laat ons opstaan
Die spasies wat ons maak wat ons is
Die spasies wat ons moet afbreek

L'atitude is die spasie tussen ek en jy
L'atitude is die spasie tussen hy en sy
L'atitude is die spasie tussen ek en my

Die gedig hierbo is uit 'n versameling, *"Slam Poetry",* 'n kombinasie van Kwaito, Hip-Hop en Rap.

9.1 Hoe sou jy ritme gebruik as jy die gedig moes aanbied? (5)

9.2 Watter toon sou jy in die laaste drie reëls van die gedig gebruik? Verduidelik jou antwoord. (3)

9.3 Noem en verduidelik TWEE stemoefeninge. (6)

9.4 Wat het jy in hierdie jaar omtrent die gebruik van jou stem geleer? Hoe het dit wat jy geleer het, jou gehelp met die voorbereiding vir jou finale praktiese opvoering? (6)

**[20]**

**OF**

## VRAAG 10: LEWENDIGE TEATER (KEUSEVRAAG)

Lees deur die volgende uitreksel en reageer op die vrae wat volg.

> Die teater moet die probleme van die tyd aanspreek; dit kan nie armoede en lyding wat daagliks toeneem ignoreer nie. Dit kan nie, met opregtheid, sy oë toemaak vir die rampe van sy tyd nie.
>
> [Van Manifesto uit 'Theatre Union, *The Theatre of the People'*]

10.1 Is die bogenoemde verklaring oor die teater waar? Verwys na die temas in jou praktiese optrede om jou antwoord te ondersteun. (5)

10.2 Bespreek die belangrikheid van konsentrasie as dit kom by opvoering voor 'n lewendige gehoor. (5)

10.3 Wat was die rol van jou karakter in jou praktiese groep opvoering en hoe het jy daarvoor voorberei?

Oorweeg jou karakter se rol en voorbereiding in verband met die volgende:

- Die teks of speelteks
- Die oorkoepelende boodskap van jou praktiese opvoering. (10)

**[20]**

**OF**

**VRAAG 11: DIE ROL VAN DIE REGISSEUR (KEUSEVRAAG)**

11.1 Dink aan ŉ lewendige opvoering of ŉ rolprent wat jy onlangs by jou skool gesien het. Het jy daarvan gehou of nie? Ondersteun jou antwoord.

Beantwoord die vraag vanuit ŉ regisseur se oogpunt en neem die volgende in ag in jou antwoord:

- Die teks
- Karakterisering (10)

11.2 Daar is sekere reëls wat ŉ gehoor in gedagte moet hou wanneer hulle die teater betree om na ŉ produksie te kyk. Hierdie reëls sal verseker dat die optrede glad en sonder enige ontwrigtings verloop.

Hoe sou jy (as regisseur) wou hê dat ŉ gehoor moet optree wanneer hulle na ŉ toneelproduksie kyk? Skryf ŉ lys van reëls as riglyn vir gepaste teater-etiket vir ŉ gehoor in die teater. (10)

**[20]**

**OF**

## VRAAG 12: DIE ROL VAN DIE ONTWERPER

12.1 Verwys na ŉ verhoog of rolprentproduksie wat jy die jaar gesien het.

Hoe het die stel-ontwerper die ruimte gebruik om die periode van die film of toneelstuk uit te beeld?

Jy mag ŉ vloerplan teken en benoem, en dat voorbeelde gebruik uit die produksie om jou antwoord te ondersteun. (10)

12.2 Beskryf of teken ŉ kostuum van die karakter wat jy in jou praktiese toneelwerk gespeel het.

Jou beskrywing of tekening moet ŉ verduideliking van al die besonderhede in jou ontwerp insluit.

Oorweeg die volgende:

- Die plek waar die karakter hom/haar bevind volgens die teks
- Die ekonomiese agtergrond van die karakter (10)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING E: 20**
**GROOTTOTAAL: 150**